**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 562/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**SABATA EDWIN MOHOLO**

---

**CORAM:** HANCKE R

---

**UITSPRAAK:** HANCKE R

---

**GELEWER OP:** 20 JANUARIE 2005

---

Die beskuldigde in hierdie saak is skuldig bevind aan oortreding van artikel 4(b) van Wet 140 van 1992 (besit van dagga) en gevonnis tot R2 000,00 (tweeduisend rand) of 12 (twaalf) maande gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is vir 5 jaar op sekere voorwaardes.

Nadat die saak op hersiening gestuur is, het my kollega Van der

Merwe, R die landdros versoek om redes te verstrek. In sy redes vir vonnis wys die landdros daarop dat die beskuldigde ‘n Rastafarier is en dat ‘n hof versigtig moet wees om sodanige persoon nie ligter te straf as ander besitters en gebruikers van dagga nie. Hy wys ook daarop dat dit prakties onmoontlik vir ‘n ondersoekbeampte is om in elke saak waar ‘n beskuldigde beweer dat hy ‘n Rastafarier is, objektief te bepaal of dit wel die geval is.

Volgens die rekord van die verrigtinge blyk dit dat die beskuldigde ‘n algehele eerste oortreder is wat ‘n betreklike jeugdige 25 jaar oud is. Hy is ongetroud en het geen kinders nie. Hy woon saam met sy ouma wat ‘n pensionaris is. Hy is ‘n nuttige landsburger in die sin dat hy vrugte en groente verkoop en sowat R300,00 per maand verdien. Hy het ‘n standard 9 kwalifikasie. Indien die landdros die beskuldigde uit die gevangenis wou hou, het dit nie plaasgevind nie, omdat, volgens die J4 vorm die beskuldigde klaarblyklik nie instaat was om sy boete te betaal nie en tans nog in die gevangenis is. In aggenome die omstandighede van die saak, is ek van mening dat die vonnis treffend onvanpas is.

Wat die skuldigbevinding betref, blyk dit in orde te wees.
Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die skuldigbevinding word bekragtig.

2. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met die volgende:

   R900,00 (negehonderd rand) of 6 (ses) maande gevangenisstraf, waarvan die helfte opgeskort word vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind aan oortreding van artikel 5(b) of 4(b) gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

3. Die vonnis word geag opgelê te gewees het op 18 November 2004.

**S.P.B. HANCKE, R**

/sp